

31 Augustus

Openbaring 1:9-20

Die Koning van die Kerk sorg vir sy Kerk

Die sewe gemeentes verteenwoordig die kerk van alle eeue. Daarom is die boek Openbaring ook aan ons gerig wat die kerk van vandag is.

Die doel van die Openbaringboek is om die gelowiges, die kerk, te troos en te bemoedig in tye van stryd en worsteling. Soos in die tyd van Johannes is die kerk ook vandag in die brandpunt. Wêreldwyd lyk dit of die kerk van Jesus Christus besig is, om veld te verloor. Ons eie kerk is besig om agteruit te boer wat getalle aanbetref. Daar is kommer en onrus hieroor.

Natuurlik moet ons hieraan werk en alles in ons vermoë doen om geestelik te verdiep en getalsgewys uit te brei.

Maar die wonderlike troos en bemoediging in hierdie openingsgesig van Openbaring is: "en tussen die lampe iemand soos die Seun van die mens". Die Seun van die mens is in die middel van die kerk. Die Seun van die mens is die Een wat oorwin het oor die Satan en die dood, Hy wat is en wat was en wat kom, die Almagtige. Hy is die Koning van die kerk. Die beeld van die Seun van die mens tussen die lampe hou beweging, aksie in. Hy is tussen die lampe, heeltyd besig om te sorg, te versien en te voorsien sodat hulle lig kan bly skyn.

Soos in die beproewende tye van Johannes, so sorg die Koning van die kerk steeds en sal Hy dit doen tot op die end.

Daarom, wees getroos, skep moed en laat jou lig skyn in 'n donker wêreld.

Sing: Psalm 118:13, 14

Ds. R.J.P. du Plessis (Gobabis)